# NUUS Welgeluk

N.G. OUDTSHOORN WELGELUK

*Ons bou met liefde aan God se Koninkryk*

## Sondag Program

**Sondag | 25 Januarie 2026**

**om 09:00**

**Leraar | Ds. Andries Potgieter**

**Tema | As die lewe anders verloop**

**Teks | 1 Korintiërs 1:1-9**



Preke van NG Kerk Oudtshoorn-Welgeluk word weekliks geplaas op:

YouTube http://www.ngwelgeluk.co.za/

Besoek ook gerus:

NG Welgeluk

http://www.facebook.com/ ngwelgeluk/

## Week Program

**Sondag | 25 Januarie 2026**

**Erediens**

**Uitdeel van blikkies vir barmhartigheid**

**Kleuterkerk tydens die erediens**

**Kategese piekniek by Wilgewandel**

**Kom geniet 'n heerlike glasie sap na die erediens**

---

**Dinsdag | 27 Januarie 2026**

**Bybelskool om 18:00**

**Woensdag | 28 Januarie 2026**

**Vrouebybelstudie om 09:00**



# Voorbidding



Ons dink in ons gebede aan die volgende persone;

- Chris Barnard van Randstraat;
- Erika Fourie van George;
- Tertia Conradie van Palm-oord;
- Amanda Kromhout van Jan van Riebeeckweg;
- Johanna Martinis van Hofstraat;
- Elizna Alberts van Rooi-heuwel
- Nicky Nel van Van der Westhuizenstraat;
- Jannie Truter van Palmoord;
- Johan Kriel van Rademeyerstraat;
- Corrie Swart van Hofstraat;
- Hannes Barendse van Parkweg;
- Marie Olivier van Rotarieroord.

- Ons innige simpatie aan Frik Geyser en familie met die afsterwe van sy suster
- asook Elize Steyl en familie met afsterwe van haar ma.



# Neem asb kennis:

- **Belydenisklastoer na Kaapstad se datum het verander na 20-22 Februarie 2026;**
- **As gevolg van die toerdatum wat verander het, is die Nagmaal na 15 Februarie 2026 geskuif.**

...70

| | |
|---|---|
| **Bettie Keuler** | **1 Februarie** |
| **Jane Klaasen** | **1 Februarie** |

Baie geluk met jou verjaarsdag



Plussers



Oom Wynand en tannie Issie du Plessis is op 27 Januarie 64 jaar getroud.

Baie geluk

## Straatwerktoer



**Ons beplan weer 'n straatwerktoer met ons belydenisklas vir die naweek 20-22 Februarie 2026 na Kaapstad.**

**Ons doen dit vanjaar in samewerking met Wes gemeente. Ons sien uit na samewerking met Wes! Bid asb. vir veiligheid, en dat dit vir die kinders ook op geestelike vlak 'n goeie toer sal wees.**


**Ds AJ Potgieter**

Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn, 6625

**Selfoonnommer** 084 514 2178

**Skriba | Finansiële beampte**

ngkerkwelgeluk@gmail.com

**Kantoor** 044 272 4391 / **069 243 1919**

**Kantoorure** | Ma - Vr 08:00 - 11:00

# Kwartaal Program

**<u>Sondag | 15 Februarie 2026</u>**

**Erediens | Nagmaal**

**<u>Woensdag | 18 Februarie 2026</u>**

**Aswoensdag byeenkoms om 18:30**

**<u>Naweek | 20—22 Februarie 2026</u>**

**Belydenisklastoer te Straatwerk, Kaapstad**

**<u>Maandag | 2 Maart 2026</u>**

**Diensgroep eiendomme om 17:30**

**Gemeentebediening om 18:30**

**<u>Donderdag | 5 Maart 2026</u>**

**Bediening van Getuienisaksies om 17:30**

**<u>Vrydag | 6 Maart 202</u>**

**Wêreldbiddag vir Vroue**

**<u>Maandag | 9 Maart 2026</u>**

**DVK om 18:00**

**Diensgroep Finansies om 18:30**

**<u>Donderdag | 12 Maart 2026</u>**

**Kerkraadsvergadering om 18:00**

**<u>Vrydag | 27 Maart 2026</u>**

**Skole sluit / kerkkantoor sluit**

## Blikkies vir barmhartigheid



**Ons het verlede jaar 75 blikkies uitgedeel.**

**Ons het 40 terug ontvang.**

**Indien u blikkies het kan u dit nog steeds vir ons inhandig.**

Ons nooi graag al ons kinders, gr 1-11 vir 'n heerlike kategese piekniek na die erediens, Sondag 25 Januarie by Wilgewandel. Ons kry mekaar om 11:30 daar. Slip en slides, hamburgers en koeldrank word geborg. Ouers verantwoordelik vir hulle eie rekening. Bring asb swemklere, handdoek, sonbrandmiddel en baie energie saam.


## KALENDER 2026 NOU BESKIKBAAR!



***Beskikbaar by die kerkkantoor***

## Kleuterkerk
## (2 jaar tot 6 jaar)

Liewe vriende,
Ons kleuterkerk by Welgeluk wil graag meer sy eie identiteit bereik.
Dit sal aangenaam wees indien van die ouers en selfs van die oupas, oumas of vriende met 'n jong gees, by die kleuters betrokke wil raak. Ons vra met elke erediens so 'n halfuur van u tyd. Ons kleuters gaan binnekort in 'n heerlik lugverkoelde vertrek opgepas word.
Enige voorstelle is meer as welkom. Ons dink in die toekoms vir 'n speelparkie vir die kinders. U kan my gerus kontak.
Sandra Lotz 083 396 2202



## WiT oLiFaNt TaFeL

Oral en by almal lê daar items onbenut en ongebruik. Plaas dit in 'n boks of sak, van 'n ou skoen tot glasbak. Bring dit asb na die kerkkantoor. Hoeveelheid is onbeperk. Jou OUD is iemand anders se GOUD. Reëling kan ook getref word vir afhaal van items. Kontak gerus vir
Frikkie - 083 561 1096
Christoff - 078 763 7855
Carel - 083 506 9990

# OUDTSHOORN-WELGELUK

**Baie dankie vir julle getroue dankofferbydraes wat dit moontlik maak om die Here voluit en met oorgawe te dien**

| | |
|---|---|
| Waarom dankoffers gee? | Jy sê so dankie! I Jy leer om van God afhanklik te lewe I Jy belê in God se Koninkryk en word 'n vennoot daarin I Jy wys aan watter geloofsgemeenskap jy jouself verbind |
| Vir wie gee ons? | Sinodale aandeel I Ouetehuis - Bellinganhof, Gottlandhuis, Tuishuis I Arbeidsbediening I Eljada Nasorg I Eljada-Kaïros I RCZ in Zimbabwe I Barmhartigheid in ons gemeenskap I Bybelgenootskap |
| Maniere van gee? | • Daar is dankofferkoeverte by die deure van die Kerkgebou beskikbaar.<br>• Al meer lidmate verkies om hul dankoffer deur middel van 'n gereelde elektroniese oorbetaling te doen (EFT). Ons moedig dit graag ook aan.<br>• Basaar.<br>• Offergawes. |

**NG Kerk Oudtshoorn-Welgeluk**

**ABSA Oudtshoorn**

**Tjekrekening 1120580066**